



tuiste. trots. toekoms.



INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO

vir skoolleerders en studente

jou erfenis!

INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO 2018



KORTVERHAAL

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.** Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL!** Die beoordelaars se beslissings is **finaleal**. *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
 - **Font: Calibri**
 - **Lettergrootte: 12**
 - **Spasiëring: 1½**
 - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die kortverhaal in **pdf-, jpeg- of word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 kortverhale skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- **Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:**
 - **1000 tot 1500 woorde vir graad 6 en 7,**
 - **1500 tot 2000 woorde vir graad 8 en 9,**
 - **2000 tot 3000 woorde vir graad 10 tot 12, en studente.**
- **Vir leerders met Afrikaans as Addisionele Taal:**
 - **500 tot 1000 woorde vir graad 6 en 7,**
 - **1000 tot 1500 woorde vir graad 8 en 9,**
 - **1500 tot 2000 woorde vir graad 10 tot 12, en studente.**
- Skryf die **aantal woorde** van die kortverhaal onderaan die inskrywing.

jou erfenis!



2

2. WENKE

- Die **lengte** verskil van 'n novelle of roman.
- Een **karakter, gebeurtenis** of aspek word belig. Gee aandag aan die karakterisering en die ontwikkeling van die karakters.
- 'n Kortverhaal se krag lê in **intensiteit, suggestie, spanning**.
- Die **begin en die slot** is treffend.
- **Ontwikkeling** speel 'n rol in 'n kortverhaal; oortuigende verklarings vir oorsaak en gevolg.
- Dit behoort tot die epiek (**epies = verhalend**; dramaties = handeling; liries = stemming/gevoel).
- Dit bevat die vier **verhaalelemente**: karakterbeelding, vertellingshoek, tyd en ruimte.
- Gee 'n titel vir die kortverhaal.

3. OPDRAG

Skryf 'n kortverhaal van jou keuse, maar hou ook die tema Erfenis in gedagte.

Beoordeling vir die kortverhaal sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

Vertelinstantie ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is die gekose vertelinstantie (ek-/alwetende verteller) funksioneel? • Rig die verteller die persepsie van die leser?
Tyd en ruimte ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar sinvolle plasing van tyd/ruimte? • Skep/ondersteun tyd en ruimte die verhaalatmosfeer? • Ondersteun die tyd en ruimte die gebeure/karakterisering? • Dra die tyd en ruimtebeelding by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal?
Karakter ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is karakterbeelding realisties? • Vind daar karakterontwikkeling plaas? • Is daar 'n logiese verhouding tussen karakteropenbarende handeling en gebeure? • Is die verskil tussen hoof- en newekarakters duidelik? • Is die newekarakters funksioneel?
Karakter ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Het die verhaal 'n logiese verloop, m.a.w. is daar 'n narratiewe struktuur/verhaallyn? • Is daar sprake van eksposisie, ontwikkeling, klimaks en afloop (spanningslyn)? • Is daar wisselwerking tussen handeling en gebeurtenisse (oorsaak en gevolg)? • Dra die gebeure by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal?
Tegniese versorging ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is die teks taalversorg? • Is die verhaal die regte lengte? • Spelling? • Is goeie Afrikaans gebruik? • Dra taal en styl by tot die verhaal se leesbaarheid? • Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk? • Is daar oorspronklike sinsbou, foutlose parafrering, goeie struktuur?
Totaal uit 50